


ONS EIE MUSIEK

Deur

B. F. KOTZÉ



S 'n mens luister na wat beweer word, en lees wat geskrywe word oor bostaande onderwerp, dan gevoel jy jou as Afrikaner minderwaardig.

'n Duitse dame vertel my dat sy 'n tydjie gelede in een van ons grootste stede een aand uitgenooi was om na die sing van Afrikaanse liedere te gaan luister. Die woorde, sê sy, was wel Afrikaans, maar die wysies was almal van oorsese afstamming. „Elke volk het tog sy wysies! Waar is julle s'n dan?” vra sy.

Dis 'n vraag hierdie wat oor en oor herhaal word, en my antwoord hierop is: ons piekniekliedjies. By vermaaklikhede gebruik ons mense nou gewoonlik „jazz.” Iets van 'n Afrikaanse karakter merk ons nie.

Maar die gebreke is nog nie almal genoem nie.

'n Tydjie gelede het iemand wat sangonderwys gee, in een van ons grootste sentra in *Die Boer-vrou* beweer dat ons kinders nie musikaal is nie. Die persoon het te oordeel na haar skrywe — liefde vir die werk, sy is simpatiek gesind en haar bewerings is ernstige aandag werd.

Skrywer hiervan het sangonderwys gegee aan verskillende skole vanaf 1917. As hy sonder meer moet afgaan op die resultate wat hy bereik het in die vorm van genot wat dié onderrig aan sy leerlinge verskaf het en die resultate wat dit later opgelewer het, dan moet hy saamstem met die genoemde persoon. Die ongesonde toestand is ook uit ander dinge waarneembaar.

Baie plekke in ons land het die voorreg om die een of ander persoon te hê wat in staat is om musiek te laat geniet deur sangverenigings te organiseer, orkeste te lei en so meer. Vanaf 1912 het ek die voorreg gehad om op die een of ander plek aan so 'n organisasie te behoort. Nie een geval, egter, kan ek onthou waar die werksaamhede voor die wind gegaan het nie. Daar was maar altyd moeilikhede, en baie van die organisasies is dood. Die rede hiervoor was die skynbare onverskilligheid van ons Afrikaners teenoor hierdie vorm van skoonheid. Daar is geen s p o n t a n e inspanning nie.

By die meeste kerke is daar kore, maar die prestasie is gewoonlik maar weinig bokant die middelmatige. Van al ons groot stede is dit net Kaapstad wat 'n permanente orkes het. Almal onthou die stryd wat daardie orkes agter die rug het, en selfs nou nog is die orkes veels te klein wat die ledetal betref vir die uitvoer van alle werke.

In al die ander groot stede bestaan by die kunstenaars wel die voorneme om 'n permanente orkes op die been te kry, maar ons mense het nie genoeg liefde vir musiek om hulle die onkoste te laat welgeval nie.

In verhouding tot ons volksgetal is die aantal geleerdes op ander gebiede groot. Daar is in ons tydskrifte 'n gedurige bespreking van die een of ander onderwerp, maar weinig persone lê hulle

toe op musiek, en min word in die tydskrifte daarvoor geskryf. Baie van ons kinders studeer musiek, maar daar is maar enkele gevalle waar dit 'n werklike genot word. In die meeste gevalle skyn die doel te wees die deurkom van eksamens. As ons luister na die resultate, dan hoor ons wel die note, maar 'n musikale uiting kom net hier en daar voor.

Daar bestaan 'n aansienlike aantal komposisies deur Afrikaners, maar van dié wat ek gehoor het, is daar maar min wat die volk sal pak. Die woorde is natuurlik Afrikaans, maar die musiekidroom is Europees. Daardie produksies sal as sodanig nog nie die verwagte gevolge hê nie.

Kyk ons net na hierdie dinge dus, dan lyk sake baie swak. Gelukkig egter is daar ook ander kante aan hierdie saak, en neem ons dié in aanmerking, dan blyk dit dat ons hier ook die materiaal tot ontwikkeling het wat ander volke het.

themselves in song..... All deep things are song.” (Carlyle). Daar is diegene wat selfs beweer dat hierdie gevoelens die vernaamste is in 'n mens se lewe. Carlyle sê nog verder hieroor: „All deep things are Song. It seems somehow the very central essence of us, Song; as if all the rest of us were but wrappings and hulls.”

Daar word gesê dat die Chinese sekere wysies het wat spesiaal vir godsdiensoefeninge bedoel is, en dat diegene wat dit vir ander doeleindes gebruik, met die dood gestraf word.

Gaan ons nou die Chinese wysies na, dan kan ons in hulle nie iets moois vind nie. Dit maak egter nie die minste verskil nie. Die Chinese gebruik dit vir de uiting van daardie diepere gevoelens by hulle. Die Hottentotte, sê Lichtenstein, het in hul toonleer nie al die note wat ons het nie. Ook het hulle in hul musiek nie eintlik melodiere, die een teen die ander gebalanseer nie. Hul wysies klink vir ons eienaardig, maar vir hulle is die wysies mooi genoeg om hulle gedurig daarmee te vermaak. Dit skeel dus weinig of die uitdrukkingsmiddel op hierdie gebied vir ander volke mooi of lelik is nie. Die vereistes is dat dit die volk se eie moet wees.

By ons is dit die geval dat ons met verskillende beweegredes ons volk ontmoedig het om aan sy

gevoelens op hierdie gebied deur middel van wat sy eie is, uitdrukking te gee. Hoewel daar (soos ek hoop om later te kan aantoon) by ons volk baie faktore bestaan wat bewys lewer van 'n groot liefde vir musiek en ons tensiens baie bekwaamhede op hierdie gebied aan die dag lê, het hierdie toestand van sake ons gedwing om ons „harpe aan die wilgerbome te hang.”

Die Hollanders, Franse en Duitsers is almal volke wat hoog staan op musikale gebied. Op al die gebiede dra ons as hul nasate vandag in meerdere of mindere mate hul karaktertrekke, en dit sou onverklaarbaar wees as ons op musikale gebied niks van hulle oorgeërf het nie. Ons sien dan ook dat so gou as wat die gemeenskap hier ontwikkel het tot 'n peil waar musiek moontlik was, dit beoefen is. Dat ons in ons ou geskifte nie baie hiervan lees nie, is toe te skrywe aan die toeval dat hier nie musici was om dit vir ons te beskrywe nie, of omdat dit as iets so gewoons beskou is dat niemand dit die

moeite werd geag het om daaroor te skrywe nie. Ons kry egter so hier en daar iets daarvoor. Mentzel vertel in sy *Life at the Cape in the 18th Century* as volg: „They amused themselves till midnight with English Country dances, which are all the rage at the Cape, and are beautifully danced there (kursivering van my.) Hy sê nie watter instrumente gebruik is nie, maar die dans (ook 'n vorm van kuns) was mooi.

Petrus Borchardus Borchers skryf as volg: „De Dominee (sy onderwyser) had een goed muzikaal oor en als hij ons in het zingen van de psalmen onderwees, begeleide hij zijn gezang met de viool, zodat we leerden den toon van onze stem te moduleeren. Wij werden dan ook algemeen beschouwd als goede zangers.” Daar was dus

(Vervolg op bladsy 57.)

Net soos ons vandag geen gebruik maak van ons musiek vir kulturele uitdrukking nie, so was dit 'n aantal jare gelede met ons taal. Toe die toestand egter op sy treurigste was, het die herlewing gekom. Die stemme daarteen is verdrink in 'n vloed van produksie. Voor daardie tyd het ons dikwels die argument gehoor dat ons geen taal het nie, en wie sal dit nou nog beweer? Wat meer is, baie van die klas mense wat ons ergste teenstanders was, is nou onder diegene wat Afrikaans waardeer en sy produksies geniet.

Maar net soos elke volk sy taal het, het ook elke volk sy vorm van musiek. Soos daar gevoelens en gedagtes is wat taal nodig het vir die uitdrukking daarvan, so is daar gevoelens wat musiek nodig het vir hul uiting. „All inmost things, we may say, are melodious; naturally utter

ONS EIE MUSIEK

(Vervolg van bladsy 23.)

'n voldoende belangstelling in musiek om op skool daar aandag aan te gee.

Dis egter nie uit die dorpe van daardie tyd dat ons die werklike toestand van sake kry nie. Hier was die kunstenaars aan die werk, en hier sien ons nie die volksiel soos hy is nie. Dis op die platteland wat ons die regte toestand van sake sien. Hier is informant gelukkig ook iemand wat belang stel in musiek en wat blykbaar kennis daarvan het, sodat ons waarde kan heg aan wat hy sê.

Lichtenstein vertel in sy *Travels in Southern Africa* (deel I, p. 33) van wat aangegaan het op 'n boereplaas in die omgewing van die teenswoordige dorpie Darling:

„In the evening Mr. Van Reenen entertained the Company with a concert performed by his slaves. They played first a chorus and afterwards several marches and dances upon clarionets, french horns and bassoons. The instruments were good and there was great reason altogether to be pleased with the performance, though much was wanted to make the harmony complete. They afterwards played upon violins, violincello's and flutes, on which they performed equally well. It is not uncommon to find the same thing among many families at the Cape, and there are many freed-men in the town who gain their living by instructing the slaves in music: but neither master or scholars know a single note: they all play entirely by the ear. Tis practice receives great encouragement from the natural inclination that the slaves, particularly the Malays, have to music, from the passions for dancing that prevails among the young people of the Colony, and from the advantage the gentlemen find in having them at hand on all occasions at festivity. I know many great houses in which there is not one of the slaves that cannot play upon some instrument and where an orchestra is immediately collected together, if the young people of the house, when they are invited in the afternoon by their acquaintances, like to amuse themselves with dancing for an hour or two. At a nod the Cook exchanges his saucepan for a flute, the groom quits his curry-comb and takes his violin, and the gardener throwing aside the spade, sits down to the violincello.”

As ons hierdie informasie van Lichtenstein 'n bietjie meer oorweeg, dan kom ons tot sekere gevolgtrekkings. Musiek was vir hulle van groot waarde, daarom dink hulle daaraan om die hoogste ampsbekleder van die land daarop te trakteeer. Vir 'n boer om genoeg behae in so iets te skep om al daardie instrumente aan te skaf, lewer bewys van 'n baie bevredigende toestand van sake. Ons is seker daarvan dat, as ons vandag vyftig persent van ons mense kan beweeg om dieselfde mate van belangstelling in musiek te toon, daar nie net in Kaapstad 'n permanente orkes sal wees nie.

Die voordrag was goed, en die feit dat hulle eers op die blaasinstrumente gespeel het en later op die snare, toon dat in sekere omstandighede daardie twee seksies tesame gebruik is, wat amper kan deurgaang as goeie balansering. Uit hierdie sitaat uit Lichtenstein kan ons nie juis sê dat die blankes self musiek beoefen het nie, maar ek dink tog dat dit die geval was.

Die musiek was nie slawemusiek nie, anders sou Lichtenstein die feit vermeld het. Die blankes moes die slawe geleer het, en boonop sou dit moeilik wees om waar daar so 'n groot belangstelling in musiek geheers het, te veronderstel dat daar geen beoefening daarvan was nie. Die volgende sitaat skyn ook daarop te dui dat dit wel deur die blankes beoefen is (Idem, p. 207):

„In it (die huis op 'n afgeleë plaas) was an organ, on which one of Müller's (die broer se) daughters played very well. It was built in the place itself by a person of the name of Hodder-sum, who was still living at the Cape Town when I quitted the country, continuing his trade and gaining a very good livelihood by making harpsichords” ('n soort musiekinstrument waaruit later die piano ontwikkel het). Daar moes dus heelwat mense gewees het wat hierdie instrumente

wat betreklik duur was, gekoop het om musiek te beoefen.

Die musiek wat hier genoem is deur die skrywers, kan ons natuurlik nie „kunstenaarsmusiek” noem nie. Die was grotendeels volkswysies. In die dae van ons volksgeboorte was volkswysies in Europa ook nog die vernaamste middel tot uitdrukking van musikale gevoelens by die volke waaruit ons voorouers gekom het. Om die werke van kunstenaars te geniet was toe nog glad nie die voorreg van almal nie, en gevolglik was dit hier by ons net dieselfde. Ek glo ook nie dat die wysies wat hier in gebruik was, eens baie afgewyk het van dié wat in Europa in swang was nie, want anders sou Lichtenstein daar seker van melding gemaak het.

Dat die musiek net, of grotendeels, dansmusiek was, verras ons ook nie. 'n Volkswysie „... is not self-existent but exists for one of two purposes. poetry or dancing.” Ons poësie het ons toe nog nie raakgesien nie, dus is dit waarskynlik oorwegend vir die dans gebruik. Maar ook in Europa is musiek vir dieselfde doel gebruik. O.a. kan 'n mens noem: die minuët, sarabande bourree, gavotte, mizerka, wals, ens. — almal eers gebruik om daarby te dans. Hoe graag hoor ons egter nie hierdie vorme, deur 'n kunstenaar weergegee nie? Die Hongaarse danse van Brahms is oral gewild, en Kreisler dank sy beroemdheid, volgens sommige kritici, aan die vertolking van hierdie ligtere vorme van musiek.

Ons volkswysies („wêreldse liedjies” soos ons hulle hoor noem in teenstelling met „geestelike” lieder) is in die eerste plaas, meen ek, van baie groot waarde as ons ons volk in musiek wil leer belang stel. Nog nêrens het ek hulle gespeel of daar was spontane genot. Nieteenstaande die ontmoediging hiervan vir jare, staan 'n mens verbaas om te sien hoeveel daar nog bestaan en as verbode vrugte geniet word. Dat dit ons smaak sal belemmer, glo ek nie in die minste nie. Daar word vertel dat die Amerikaanse komponis en musikus, Phillip Sousa, altyd gesê het: „You must not play down but up to the public.” My ondervinding is dat die mense wat van hierdie wysies deurdring is, die beste gehore uitmaak wat 'n mens kan hê, afgesien van watter soort musiek uitgevoer word. Ek wil nie sê hulle vind 'n uitvoering mooi nie, maar daar is iets waarin hulle belangstel; hulle probeer leer, en dit is die eerste stap tot waardering en genot. Hier het ek in elk geval nog nooit 'n skynheilige lofbetuiging teëgekóm nie.

Ek meen dus dat die beoefening van hierdie wysies en die behae wat ons mense daarin skep, soveel moontlik aangemoedig moet word. Dit is vir ons die middel op dieselfde wyse as wat die „lelike” Chinese wysies vir hulle die middel is. Ek glo ook glad nie dat ons hoër te skaam vir die waarde wat hulle as sodanig het nie.

'n Paar aanhalings uit *A History of Music* van Stanford en Forsyth is n hierdie verband miskien van pas: „Musiek kan natuurlik van geslag tot geslag oorgelewer word sonder dat dit op skrif vasgelê is. (Dis wat met ons volkswysies gebeur het). Dit het waarskynlik gebeur in die geval van die vroegste eenvoudige sang en in die geval van alle volksmusiek.” Hierdie soort musiek is: „'n permanente element in die musiekgeskiedenis. 'n Mens kan amper sê die enigste permanente element.” „... Vanaf die middeleeue tot vandag het die volkslied in 'n soort van ondergrondse stroom voortgevloeie.... Dit is nie die werk van enige individuele persoon of van enige tydperk nie, hoewel dit gewoonlik vir artistieke doeleindes deur komponiste van alle tydperke gebruik kan word. Dit is alleen toevallig melodies — harmonies.... Dit groei sonder enige sorg van die kant van die (kunstenaar) en dit groei altyd. Hierdie volkswysies is nie onkruid nie. Dit is blomme waarvan die kleur en die geur alleen verskil na gelang dit van verskillende plekke in die land afkomstig is.... Hulle het almal dit met mekaar gemeen, dat as die grond op enige plek ontbloot word van die voedingstowwe wat hul wortels daarstel (d.w.s. wanneer hierdie wysies veronagzaam word deur kunstenaars in hul werke. —K.), die aangekeekte gewasse waarskynlik sonder vrug en sieklik sal wees.”

„... Die volkswysies van 'n volk toon 'n merkwaardige mate van eenvormigheid van styl en dit beteken dat onder die groot aantal gerindade van verstand en spiere wat in 'n enkele volksliedjie opgeroep word, daar 'n werklike iets is, 'n impuls waarvan die stukrag van die siel sel

afkomstig is.... In al die beste volksliedere is daar presies dieselfde *gerangskikte skoonheid* waarna ons soek as die hoogste persoonlike uiting van die ontwikkelde komponis. Ontwerp, balans, klimaks en die „ruspunte” is by albei identiek. In die een geval word hulle alleen in 'n paar akkoorde en in die ander in baie akkoorde van harmonie en kontrapunt uitgedruk.”

Aangesien dit die geval is met volkswysies in die algemeen, kan ek nie vir een oomblik glo dat net ons volkswysies niks beteken nie.

Ek gee hier 'n paar van die wysies. Ek het hulle nog nie gepubliseer gesien of op 'n grammofoon gehoor nie. Ek het hulle ook nie uitgekies volgens wat ek as hul meriete beskou nie, maar net soos hulle my te binne geskiet het. Elkeen wat egter hierdie wysies hoor uitvoer het, soos mense dit 'n aantal jare gelede gedoen het (altans in sekere dele van ons land), sal erken dat wat ons nou hoor as „Afrikaanse stukkie,” dit lank nie hierby haal nie. Laasgenoemdes, vrees ek, doen ons saak baie skade aan.

No. VII is 'n slaapliedjie en word in enigsins gewysigde vorm oral waar ek nog was, gesing waar daar klein kindertjies aan die slaap gemaak word. In IX en X merk ek 'n eienaardige effek op. Hierdie soort toonleer word veral gebruik in die dele wat bekend is as die Sandveld in die Kaapprovinsie en in Wes-Transvaal. Op wysies waarin van hierdie toonleer gebruik gemaak word, het ek jare gelede, toe mense in die algemeen nog nie eens gepraat het van Afrikaanse taal nie, woorde hoor sing wat stellig 'n mate van digterlike waarde gehad het en suiwer Afrikaans was. Die liederlike woorde wat 'n mens vandag op hierdie wysies hoor sing, het jy toe nie gehoor nie.

Watter woorde gesing word in verband met hierdie wysies, is nie van groot belang nie, omdat hulle nie oral dieselfde is nie. Dit is nie 'n onafskeidbare deel daarvan nie, maar tog strek die eienaardige woorde wat gebruik word, tot groot nadeel en dit sal nie bydra daartoe om die algemene beoefening te vergemaklik nie. Ek glo egter nie dat dit die fout van die wysies as sodanig is nie. In elke gemeenskap tref ons mense aan wat 'n behae skep in die uiting van storende en liederlike woorde.

Ek meen dat hierdie toestand juis te wyte is aan die feit dat die algemene gebruik van hierdie wysies ontmoedig was. Mooi wysies pak almal, goed of sleg. By die ontmoediging daarvan was dit die mense wat welvoeglikheid op prys stel wat die gebruik van die wysies laat vaar het. Die onkruid was toe aan homself oorgelaat en het welig opgeskiet.

'n Ander rede waarom die gebruik van ons wysies ontmoedig is, is omdat dat dit die dansgees aangewakker het. Mense wat dans, so het ons verstaan, kan nie goeie Christene wees nie. Ek wil nie oor hierdie saak baie uitwei nie, maar ek wil net sê dat ek oortuig is daarvan dat as al die mense wat gedans het in hul jongelingsjare en wat nou voldoende lewenservaring opgedoen het om te kan oordeel, oor hierdie saak moet stem, daar maar weinig gevind sal word wat in dans enige kwaad sien.

Hierdie vorm van vermaaklikheid het sy onheile, maar dit ontstaan deurdat ons dit veroordeel as laag en vernederend. In plaas daarvan dat die oueres daaraan rigting gee en dit beheers, laat ons dit, net soos in die geval van ons wysies, links lê, en so word dit 'n veld waarin onkruid groei.

Hoe dit ook sy, sal almal daarmee instem dat die danslus een van die hoekstene is waarop die musiekkuns gebou is. Of volkswysies hulle nou al uit in verband met die dans of die poësie, hulle moet gebruik word as 'n volk sy eie musiek wil ontwikkel. In verband hiermee haal ek weer aan uit die hierbo genoemde werk:

„Dit is 'n gemeenplaas om te sê dat die groot Duitse musiekrigtings op die gebied van die simfonie en die opera gedurende die negentiende eeu 'n ongenaakbare alleenheerskappy in die meeste Europese lande gevoer het.... In verskillende lande was daar 'n groot aantal ongelukkige skepsels wat hul gees gekwel het in 'n poging om die Duitse brandstof te steel en dit op hul eie altare aan brand te steek. Hulle het egter nie opgemerk wat die Duitsers van die begin af volkome begryp het nie en wat in *werklikheid die bron van hul grootheid was* (ek kursiveer) — dat die hout in hierdie spesifieke geval in 'n mens se eie bos gekap moet word. Die resultaat was dat toe die tyd vir die offer aanbreek, daar geen vonkie van die

ONS EIE MUSIEK

gewyde vlam ooit van hul altare opgeskiet het nie. En die enigste bevredigende kenmerk van die seremonie was dat die priesters gewoonlik in hul eie rook versmoor het."

Eers toe die ander volke se kunstenaars van hul eie volkswysies gebruik gemaak het, het hulle iets blywends uitgerig.

Ons volk is onverskillig (soos baie mense meen), omdat hy nie sy eie middel tot uiting mag gebruik nie. As daar mense is wat meen dat dit dieselfde beteken as nie-musikaal, dan het ons die redes daarvoor gegee. Bedoel hulle egter dat ons volk nie 'n normale bekwaamheid op hierdie gebied besit nie, dan slaan hulle die bal ver mis.

Forsyth sê in sy genoemde werk dat die enigste geval waarvan hy weet waar 'n „rudimentêre” vorm van harmonie gebruik word sonder dat dit neergeskrywe is, voorkom onder die Russe. Hulle gebruik dit ook net in verband met 'n sekere tipe van volkswysie. Die Russe word beskou as een van die mees hoogstaande musikale rasse. Wanneer ons mense egter hierdie volkswysies sing, is die sing in harmonie niks ongewoons nie. In my eie geval weet ek nie hoe of wanneer ek dit geleer het nie. Van jongs af was dit by ons tuis die gebruik om alles wat gesing word, in „stemme” te sing. Die harmonie was waarskynlik heel elementêr, maar dit was tog harmonie. Ons geval is ook geen uitsondering of iets wonderliks nie. In sover ek kan onthou, was dit die algemene gebruik. Nog selde was ek teenwoordig by 'n godsdiensoefening in die kerk of waar ook al, waar ek nie die een of ander singer 'n geïmproviseerde bas, tenoor of alt hoor voordra het nie.

Dis egter wanneer ons die danswysies deur instrumente hoor uitvoer dat die musikale aanleg van die Afrikaner aan die dag kom. Dit sal te veel ruimte in beslag neem om hier met note aan te toon hoe dit gedoen word, maar dis treffend as 'n mens bedink, watter inspanning dit van 'n kenner eis om 'n wysie te arrangeer vir 'n orkes, en 'n mens sien daarnaas hoe hierdie mense dit doen.

Dit spreek vanself dat 'n mens nooit 'n gebalanseerde organisasie aantref nie. Dit bestaan gewoonlik uit of 'n paar viole of konsertinas, of „accordians” vir die melodie, en 'n ghitaar vir die begeleiding. Wanneer spelers wat as sodanig erken word en wat die ongeskrewe maar nietemin vasstaande reëls ken, egter bymekaar kom, hanteer hulle die instrumente op so 'n wyse dat daar 'n groot mate van volheid, ritmiese skoonheid en klankkleur bereik word. Die resultaat kom in sy aard presies ooreen met dié van die komponis en verskil net in graad. Hier word hulle egter gelei deur hul natuurlike gevoel vir skoonheid en kry dit reg deur 'n aangebore bekwaamheid. Om 'n ghitaar te bespeel soos hulle dit doen vir ritme en harmonie — veronderstel 'n bekwaamheid om oombliklik te besef watter harmoniese akoorde daar nodig is en dit telkens soos die melodie voortgaan, te wysig. Dis egter nie al nie. Nooit sal 'n mens in so 'n geval vind dat almal net die melodie speel nie. Die een sal variasies wat gebaseer is op die melodie, voordra, presies soos wat soms van die fluit- of klarinet-speler in 'n orkes vereis word, en 'n ander sal 'n soort van tweede-viool-party uitvoer. En dit word nou deur die een persoon, dan weer deur 'n ander gedoen: alles spontaan en met treffende gevoel.

Ons openbaar waarskynlik ook 'n mate van

luiheid — veral ons jongeres — maar hierby kom nietemin 'n groot mate van natuurlike bekwaamheid te pas. Ek werk reeds sedert 1920 met kinders en jong mense wat as orkes die verskillende instrumente bespeel. Gedurende die tydperk het ek 'n hele paar nasionaliteite verteenwoordig gehad, maar nog nooit het ek gesien dat die Afrikaner-seun of dogter vir één hoef agteruit te staan nie. Behalwe dit het hulle my baiekeer uit 'n moeilike posisie gered deur hul bekwaamheid. Een aand moes 'n klompie êrens speel, maar ons het nie 'n speler vir die kontra-bas gehad nie. Ek dink toe aan wat 'n mens met 'n ghitaar kan uitrig en roep 'n groterige seun by. Ek wys hom die Maandag hoe hy die ding moet hanteer (natuurlik sonder musiek), en die Saterdag was hy daar. Om die publiek te bedrieg, hou hy sy oë gedurig op 'n stuk musiek voor hom en speel daarop los so hard as wat hy kan. Toe die funksie verby was, kom 'n Engelsman na my toe en sê: „You have got a fine double bass player.” Toe ek hom sê wat gebeur het, kon hy dit nie glo nie.

By 'n ander geleentheid moes ons een Saterdag-aand met 'n blaasorkes optree. Ons het 'n „te-noorhoring” kort gekom en eers op die Donderdag kon ons een in hande kry. Ons gee dit aan 'n seun wat nog altyd net tweede-viool gespeel het. Ons het hom gewys hoe hy die note moet regkry, sy musiek voor hom gesit met langsaan 'n papiertjie waarop die grepe vir die verskillende note was. Dié namiddag het hy nie veel uitgevoer nie, maar die aand met die uitvoering het hy sy note gelewer net so goed as die ander spelers.

Die moeilikheid hier is dus helaas ook maar dieselfde as op ander gebiede: ons waardeer ons eie nie.